

Die Rol van die Verligtes in die Grondwetlike Onderhandelinge, 1990-1994

Annie van Wyk*

Die invloed van die verligtes¹ op die verloop van die Suid-Afrikaanse politiek was dinamies en dramaties. Aanvanklik het die verligtes in die Nasionale Party (NP) ongeveer die helfte van die Afrikaners geleidelik ryp gemaak vir hervormings en was hulle hoofsaaklik die wegbereiders vir die wegbeweging van apartheid na samewerking en -bestaan.² Dit was eers teen die laat tagtigerjare dat hulle rol verander het tot dié van primêre dryfkrag en besluitnemers van die nuwe politieke rigting weens hulle rol in die onderhandelinge. Die beweging het sy rieme styfgeloopt met die onderhandelinge, omdat sy eksponente ongestruktureerd, sonder strategie en uitgestippelde riglyne te werk gegaan het. Dit het meegebring dat hulle onder druk en dus sonder keuse 'n paradigmaskuif in hulle politieke denke moes ondergaan en gevolglik is daar op 'n meerderheidsregering besluit. F.W. de Klerk het nie die paradigmaskuif ondergaan nie, dus was sy pragmatiese politiek en die verligtes se politieke denke nie meer in ooreenstemming nie. Tog het De Klerk onder druk geswig en tot 'n politieke bedeling sonder die waarborge van minderheids- of groepsregte ingestem, terwyl magsdeling sy uitsluitlike doel was.³

Die verligte groep het deurentyd verandering getoon ten opsigte van getalle, ondersteuners en denkpatroon. Die verligtes wat aanvanklik die minderheid in die NP gevorm het, se ondersteuning het mettertyd in die kabinet toegeneem. Dit was duidelik te bespeur met De Klerk se naelskraap oorwinning as NP-hoofleier oor die verligte Barend du Plessis. Die verligte steun het vermeerder en 'n hoogtepunt bereik met die ineensmelting van die verligtes en die "nuwe Nattes", maar het afgeplat na De Klerk se aankondiging op 2 Februarie 1990. Kandidate in die verligte groep het ook deurentyd gewissel. Die verligte denkpatroon het verder na gelang van omstandighede in die land verander. Vir hulle het die klem van apartheid na samewerking en -bestaan verskuif, dus het die tuislandbeleid na 1976 vir

* Annie van Wyk is sedert 2003 verbonde aan die Departement Geskiedenis, Unisa.

1. Die term "verligtes" dui in dié konteks meestal op Afrikaanssprekende en ook sommige Engelssprekende blankes wat apartheid van binne die NP wou hervorm.
2. W. de Klerk, *F.W. de Klerk. Die man en sy tyd* (Tafelberg, Kaapstad, 1991), p 118.
3. Z.B. du Toit, *Die nuwe toekoms. 'n Perspektief op die Afrikaner by die eeuwisseling* (J.P. van der Walt, Pretoria, 1999), p 83.

hulle onaanvaarbaar geword. Die denkpatroon is stap vir stap uitgebou en het 'n besliste progressielyn getoon. Die medeverantwoordelikheid van alle groepe is met die 1983-grondwet gepropageer. Om die proses moontlik te maak, het die verligtes dié konsepte bevorder en die NP-regering beweeg tot medebesluitneming, medeseggenskap, magsdeling en demokrasie wat die meerderheidsbeginsel erken en beskerming van minderhede geëis het.⁴

Die aard en ontstaan van die verligtes

Die verligte-beweging het na 1966 ontstaan weens die “verlig-verkrampstryd” wat in die Nasionale Party (NP) posgevat het. Alhoewel albei dié kampe die apartheidsbeleid ondersteun het en Afrikaneroorheersing as 'n wyse beskou het om oorlewing teenoor die groot getalleoorwig van die swartes te verseker, het die stryd gegaan oor die praktiese toepassing van die beleid. 'n Groot bydraende faktor tot die verskil in beskouing was die klassedifferensiasie wat in die laat sestigerjare onder Afrikaners ontstaan het. Weens snelle verstedeliking en ekonomiese groei in die land het daar 'n nuwe geslag Afrikaners ontstaan wat meer geletterd en welgestel was. Dié groep Afrikaners het die verligtes verteenwoordig. Die verkrampes daarenteen het meestal uit die werkersklas bestaan. Die verligtes was dus minder as die verkrampes van die staat vir beskerming afhanklik. Waar apartheid vir die verkrampes Afrikanernasionalisme beteken het, was dit vir die verligtes slegs 'n doel om Afrikanernasionalisme te bereik. Die verligtes het dit toenemend moeiliker gevind om hulleself met die blatante rassisme en diskriminasie van apartheid aan die een kant en hulle nuwe professionele norme en waardes aan die ander kant te vereenselwig. Hulle het 'n drang na 'n meer morele en regverdige apartheid gehad.⁵

Die verligtes het hervorming van die apartheidsideologie voorgestaan wat groter kontak oor taal-, lands- en kleurgrense heen sou bewerkstellig.

-
4. De Klerk, *F.W. de Klerk. Die man en sy tyd*, p 131.
 5. J.A. du Pisani, “B.J. Vorster en Afrikanerverdeeldheid, 1966-1970: 'n oorsig en evaluering van die verlig-verkrampstryd”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 11, 2, Augustus 1986, pp 4, 10, 17; H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a people* (Tafelberg, Cape Town, 2003), p 580; D. Welsh, “The executive and the African population: 1948 to the present”, in R. Schrire (ed), *Leadership in the apartheid state. From Malan to De Klerk* (Oxford University Press, Cape Town, 1994), p 167; H. Kenney, *Power, pride and prejudice: the years of Afrikaner Nationalist rule in South Africa* (Jonathan Ball, Johannesburg, 1991), pp 269-271; H. Giliomee & L. Schlemmer, *From apartheid to nation-building* (Oxford University Press, Cape Town, 1990), p 120; H. Giliomee & H. Adam, *Afrikanermag opkoms en toekoms* (Stellenbosch Universiteitsuitgewers, Kaapstad, 1981), pp 91-92.

Dié groep Afrikaners het hulle tot veelvokige ontwikkeling verbind. Hulle het kritiek uitgespreek teen sake rakende “klein apartheid”, taalhandhawing, en die posisie van die kleurlinge en stedelike swartes. Onbillike en vernederende segregasiewette, soos die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike, die Ontugwysigingswet en die Groepsgebiedewet is verafsku en hulle het die regering gewaarsku dat dié wette spanning kommerwekkend onder die stedelike swartes laat toeneem het. Die verkramptes daarenteen het alle hervormings heftig teengestaan en wou die bestaande politieke orde behou. Die verkramptes wou Afrikanereksklusiwiteit beklemtoon en het apartheid as strategie beskou om blanke oorlewing te verseker. Die verligtes het hulleself nie net as Afrikaners beskou nie, maar ook as deel van die blanke groep en daarom het hulle aanvaar dat die staat stadig maar seker veelrassig sou word, wat Engelssprekendes en later ook anderskleuriges sou kon insluit. Die verkramptes het die staat as ’n Afrikanerstaat gesien en apartheid as die beliggaming daarvan.⁶

John Vorster se sogenaamde “verligte” beleid van samewerking en -bestaan, tesame met sekere hervormings, het die speelveld vir die stryd tussen die verligtes en verkramptes verskaf. Die beleid is deur die verligtes ondersteun en hulle het Vorster tot meer hervormings aangemoedig. Daarenteen het die verkramptes die beleid teengestaan. Dit was juis Vorster se hervormings op sportgebied wat die stryd tussen die verligtes en verkramptes op die spits gedryf het en tot ’n skeuring in die NP gelei het. Die meer ekstreme verkramptes het in 1969 hulle eie party, die Herstigte Nasionale Party (HNP), gestig. Dit was die eerste verkrummeling in Afrikanereenheid sedert 1948. Die skeuring was nie dramaties nie, want die NP kon daarin slaag om nie groot getalle aan die HNP af te staan nie.⁷ Die oorblywende, meer gemagtigde verkramptes in die NP, soos Piet Meyer (voorsitter van die Afrikaner Broederbond, 1962-1972) en Andries Treurnicht (adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -onderwys, 1976-1978), het voorts regdeur die dekade vir ’n hernude opbou van spanning in die party gesorg. Sodoende is die eenheid in Afrikanergeledere binne die NP ondermyn. Die NP het voortaan as verdeelde party in die vorm van verligtes versus verkramptes, of dan bekend as konserwatiewes, gefunksioneer. Die verkramptes in die NP het enige stappe in die rigting

6. Giliomee, *The Afrikaners*, p 549; A. Mouton, *Voorloper. Die lewe van Schalk Pienaar* (Tafelberg, Kaapstad, 2002), p 132.
7. J.A. du Pisani, “B.J. Voster se nuwe sportbeleid as faktor in die verdeeldheid binne die Nasionale Party wat lei tot die stigting van die Herstigte Nasionale Party”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 9, 2, 1984, pp 35-74; J. van Rooyen, *Hard Right. The new white power in South Africa* (I.B. Tauris. London, 1994), p 15; F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974* (Perskor, Johannesburg, 1975), p 556.

van hervorming skerp teengestaan. Die verdeeldheid het weens die instelling van die Driekamer-parlement tot 'n dramatiese Afrikanerskeuring met die stigting van die Konserwatiewe Party in 1982 gelei. Steeds het daar konserwatiewe elemente in die NP agtergebly wat hervormings teengestaan en belemmer het, tot en met die afhandeling van die grondwetlike onderhandelinge in 1990-1994.⁸

Die versterking van verligte denke, 1976-1990

Tydens die Vorster-era (1966-1978) het die Soweto-opstand (1976) 'n kentering in verligtes se denke rakende die tuislandbeleid as kern van die NP-beleid veroorsaak. Internasionale isolasie en afwaartse ekonomiese groei is deur dié opstand te weeg gebring. Die verligte Afrikaners het voortaan 'n daadwerklike stryd vir vinniger en doeltreffender hervormings begin voer.⁹

Hoewel verligtes in daardie stadium oortuig was dat blanke oorlewing op die duur alleen deur koalisievorming oor kleurgrense heen verseker kon word, het hulle etnisiteit nog steeds as belangrik geag. Die skepping van 'n gematigde kapitalistiese swart middelklas is as noodsaaklike teenvoeter vir 'n moontlike swart anti-kapitalistiese rewolusie beskou. Die verligte besigheidslui het die regering oortuig dat ekonomiese groei belangriker as die instandhouding van apartheid was om politieke stabiliteit in die land daar te stel en te verseker. Gevolglik is die aanstelling van die Riekert- en Wiehahn-kommissies om die politieke en ekonomiese posisie van swart Suid-Afrikaners te ondersoek in 1977 deur die verligtes verwelkom. Verligte druk het gelei tot die aanstelling van die Erika Theron-kommissie wat gelei het tot die formulering van plurale demokrasie wat as konsepgrondwet in 1977 aanvaar is. Op dié manier wou hulle ook op politieke gebied die steun van gematigde swartes verkry wat hulle met die ideale van die breë blanke bevolking kon vereenselwig en wat dan as teenvoeter vir swart radikalisme moes dien.¹⁰ Verligte politiek het versterking met die verkiesing van P.W. Botha as eerste minister van Suid-Afrika (1978-1989) beleef.

Botha het aanvanklik verligte politiek bedryf en deur aanstellings verligte steun in die kabinet vergroot om die klimaat vir hervorming

8. Van Rooyen, *Hard Right. The new white power in South Africa*, pp 19-22.

9. H.J. du Bruyn, "Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding". MA-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, p 129.

10. Giliomee & Adam, *Afrikanermag opkoms en toekoms*, p 94; Kenney, *Power, pride and prejudice*, p 278; Giliomee, *The Afrikaners*, p 558; Du Bruyn, "Vrees as faktor", p 120.

moontlik te maak. Tesame met die verligtes, het Botha dinamiese en dramatiese hervormings deurgevoer wat apartheid verder verkrummel en die politieke rigting verander het. Van die belangrikste hervormings wat deurgevoer is, was gegrond op die aanbevelings wat deur die Riekert-, Wiehahn- en Erika Theron-kommissies gemaak is. Die Wet op Swart Plaaslike Owerhede (1982) is geïmplimenteer op grond van die Riekert-kommissie se aanbevelings. Dié kommissie het ondersoek ingestel na die proses om die swartes in die politieke bestel in te sluit weens protes wat ontlok is, veral vanuit die oorde van die verligtes, oor die weglating van swartes uit die presidentsraad. Met die instelling van die wet is gemeenskapsrade in die plek van swart stedelike rade ingestel. Vir die eerste keer is 'n groot mate van outonomie aan swart plaaslike besture verleen en het hulle dieselfde magte as blanke munisipaliteite verkry. Met die implementering van die Wet op Swart Gemeenskapsontwikkeling (1984) is daar gehoor gegee aan die Riekert-kommissie se aanbeveling dat swartes toegelaat moes word om huise in stedelike gebiede te koop. Die Riekert-kommissie het ook aanbeveel dat daar meer vryheid van beweging en keuse van werkplek vir swartes moes wees, wat aanleiding gegee het tot die hervorming van een van die apartheidsbeleid se belangrikste pilare, naamlik die herroeping van die Wet op Instromingsbeheer (1986). Die 1977-konsepsgrondwet soos voorgestel deur die Erika Theron-kommissie het die basis vir die instelling van die Driekamerparlement in 1983 met magsdeling gevorm. Teen 1986 het Botha erken dat die tuislandbeleid, wat die hoeksteen van sy beleid gevorm het, nie 'n oplossing vir Suid-Afrika se rasseprobleem was nie. Op sosiale gebied is meer openbare geriewe oopgestel en die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike en die Ontugwysigingswet is in April 1985 herroep.¹¹

Die voortdurende hervormings het veroorsaak dat die NP mettertyd 40 persent Afrikanersteun aan die KP verloor het. Dit het die klasseverskil onder die Afrikaners vergroot. Die NP het sy ondersteuningsbasis op grondvlak – boere en die werkersklas – onder die Afrikaners verloor. Daarmee het die NP sy beeld as volksparty afgeskud. Die verstedelike Afrikaners, waarvan talle verligtes was, het nou grootliks die NP se ondersteuningsbasis gevorm.¹²

Botha het egter sedert die middel van die tagtigerjare juis oor die toenemende steun aan die KP weifelend oor die politieke rigting geword en

11. F.A. Mouton, "P.W. Botha – Reformer or Groot Krokodil", *Kleio*, 28, 1996, pp 196-197; A. Seegers, "The head of government and the executive", in Schrire (ed), *Leadership in the apartheid state*, p 57.

12. Du Bruyn, "Vrees as faktor", p 157.

teen 1986 het sy hervormingsbeleid begin stagneer. Botha se outoritêre houding, gepaardgaande met sy plofbare humeur, die mislukte Rubicon-toespraak, die regering se traie pas van hervorming en mislukte pogings om swartes in die politieke bestel te akkommodeer, die voortslepende geweld onder swartes wat landswyd uitgebreek het na die instelling van die Driekamerparlement, die verswakte ekonomie en toenemende buitelandse vyandigheid en druk, asook die groeiende mag van die sekurokrate, het die klimaat geskep vir die uitbroei van ontevredenheid in die NP. Dit het vroeg in 1986 tot die ontbloting van 'n broeiende linkse groep in die NP gelei. Hulle politieke denke sou Suid-Afrika dramaties in die verdere toekoms beïnvloed. Dié politieke denke is wyd in dagblaie verkondig. Dries van Heerden, politieke korrespondent vir *Die Vaderland*, het aangedui dat die NP in daardie stadium uit 'n koalisie van drie groepe bestaan het. Die konserwatiewe vleuel van die NP, ook bekend as die anti-reformiste, het steeds die tuislande binne 'n federale struktuur¹³ as basis vir 'n toekomstige konstitusionele stelsel beskou. Die middelgroep, wat die verligtes van ouds verteenwoordig het en ook as die reformiste bekendgestaan het, het nou die hoofstroom van die party geword. Alhoewel hulle in 'n onverdeelde Suid-Afrika geglo het, wou hulle die hele proses self beheer, en self besluit wie die politieke deelnemers mag wees. Hulle het dus 'n politieke plan geskoei op 'n federale-konfederale lees¹⁴ ondersteun. Ministers soos Chris Heunis, Barend du Plessis en Louis Nel het onder andere tot hierdie groep behoort. Die linkervleuel, die ultra-reformiste van die NP, is as die “nuwe Nattes” omskryf. 'n Lys name van die “nuwe Nattes” is bekendgemaak, waarop die name van ministers Pik Botha en Dawie de Villiers, adjunk-ministers Sam de Beer, Stoffel van der Merwe en Kent Durr, saam met sowat dertig, grootliks jong, stedelike LP's verskyn het. Dié groep Afrikaners het op die instelling van streeksoplossings volgens Mangosuthu Buthelezi¹⁵ se voorstelle aangedring. Dié streke moes wetgewende en uitvoerende magte hê, wat tot 'n geografiese federale stelsel kon ontwikkel. Sentrale

13. 'n Federale staat is 'n enkele onafhanklike staat, bestaande uit meerdere geografiese en/of etniese komponente waarin voorsiening vir selfbeskikking vir elke geografiese en/of etniese komponent gemaak word en vir 'n sentrale regering vir die behartiging van gemeenskaplike belange.
14. Hulle wou 'n federasie hê wat blankes, kleurlinge en Indiërs sou insluit en terselfdertyd 'n konfederasie met die swartes sou vorm.
15. Buthelezi het 'n veelrassige federasie as alternatief vir apartheid voorgestel. In 1981 het hy 'n kommissie aangestel met die taak om voorstelle te maak wat tot die integrasie van Natal en KwaZulu sou lei. Daar is een wetgewende vergadering voorgestel wat op die grondslag van proporsionele verteenwoordiging verkies moes word. Daar is ook aanbeveel dat 'n veelrassige uitvoerende komitee saamgestel word wat besluite op die grondslag van magsdeling sou neem.

regeringsinmenging in die verskillende federale streke moes deur konstitusionele beskerming verhoed word.¹⁶

Die “nuwe Nattes” het nie meer P.W. Botha se politieke sentiment gedeel dat die Afrikaners met die NP as instrument die middelpunt van die politieke sfeer moes wees nie. Hulle het Nelson Mandela se vrylating, die ontbanning van die African National Congress (ANC) en onmiddellike onderhandelinge tussen die ANC en die regering geëis. Vir dié groep was ’n meerderheidsregering onvermydelik. Hulle het die herroeping van die Bevolkingsregistrasiewet, die Groepsgebiedewet en Wet op Aparte Geriewe, asook een onderwysdepartement en die afskaffing van alle vorme van instromingsbeheer geëis.¹⁷

In die Sondagkoerant *Rapport* het Willem de Klerk (akademikus aan die Universiteit van Potchefstroom en later die redakteur van *Die Transvaler* en *Rapport*) hierdie hervormingsvereistes soos deur Dries van Heerden in *Die Vaderland* bekend gemaak is, benadruk. De Klerk het ook erken dat hyself deel van die groep “nuwe Nattes” uitgemaak het. Hy het dié groep Afrikaners as “haastige hervorminggesindes” en “verkenners” beskryf. Volgens hom het hulle ’n beduidende 22 persent van die NP-ondersteuners uitgemaak en was die NP verplig om aan hulle vereistes en politieke denke aandag te gee.¹⁸

Dié politieke denke van die verligte en “nuwe Nat” NP-politici het veld onder Afrikaners begin wen. Tydens ’n landswye mark- en meningsopname wat in 1986 deur die RGN uitgevoer is, is daar bevind dat 48 persent Afrikaanssprekendes ten gunste van onderhandelinge met die ANC en die vrylating van Mandela was.¹⁹ Twee-derdes van die Afrikaner Broederbond,²⁰ die meerderheid besigheidslui, lede van die privaatsektor²¹ akademici, joernaliste, kunstenaars²² en die Nasionale Intelligensie Diens²³ het dié oortuiginge gedeel.

16. D. van Heerden, “The new nats”, *Frontline*, 6, 2, 31 Maart 1986, p 35; *The Sunday Star*, 13 April 1986, p 17; Giliomee, *Die Afrikaners*, p 560.
17. Van Heerden, “The new nats”, p 35; *The Sunday Star*, 13 April 1986.
18. *Rapport*, 1 Februarie 1987.
19. De Klerk, *F.W. de Klerk*, p 112.
20. P. Waldmeir, *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of the New South Africa* (W.W. Norton & Company Ltd, New York, 1997), pp 52-53.
21. B. Pottinger, *The imperial presidency. P.W. Botha the first ten years* (Southern Book Publishers, London & Johannesburg, 1988), p 355; Giliomee, *Die Afrikaners*, p 578.
22. J.A. Coetzer, “Die Dakar-byeenkoms”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 12, 3, Desember 1987, pp 104-112.
23. Waldmeir, *Anatomy of a miracle*, p 51.

Ten spyte van die NP-regering se beleid wat kontak met die ANC verbied het totdat hulle geweld afsweer, het al bogenoemde groepe meestal in die geheim op hulle eie samesprekings met die ANC begin voer.²⁴ Bogenoemde groepe is veral tot samesprekings aangespoor na die regering en sekurokrate se optrede wat die Commonwealth Eminent Persons Group (EPG) -sending se pogings om dialoog tussen die regering en swart leiers te bewerkstellig, laat misluk het. Sommige van die samesprekings het reeds so vroeg soos 1985 plaasgevind, waartydens swartes se menings oor onderhandelinge getoets en demokratiese alternatiewe vir Suid-Afrika verken is. P.W. Botha het wel in 1988 tot sameprekings tussen 'n aangewysde regeringskomitee en Nelson Mandela in die Pollsmoor-tronk ingestem.²⁵

Met die aanbreek van die F.W. de Klerk-era (1989-1994) was die skrif aan die muur. De Klerk, wat voorheen grootliks die politieke siening van die konserwatiewe vleuel in die NP gehuldig het, was egter ook in wese 'n politieke pragmaties. Hy het daarom sedert 1987 weens die veranderde omstandighede in die land, geleidelik besef dat apartheid nie meer 'n toepaslike politieke bedeling was om vrede tussen Suid-Afrika se verskillende volke te bewerkstellig nie. De Klerk was deeglik bewus van die druk van die verligtes en “nuwe Nattes”, en van hulle toenemende steun in die kabinet. Die toenemende steun was duidelik te bespeur tydens die verkiesing van die hoofleier van die NP, asook met die September 1989-verkiesing. De Klerk het met sy verkiesing as hoofleier van die NP 'n naelskraap oorwinnig van agt stemme oor die verligte Barend du Plessis behaal. Vir die September 1989-verkiesings het die NP 'n mandaat by die kiesers gevra vir die voortsetting van hervorming en om vir 'n nuwe konstitusionele bestel te onderhandel. Alhoewel die NP sewentien setels aan die Konserwatiewe Party (KP) afgestaan het, was dit die Demokratiese Party (DP) – aan wie die NP twaalf setels afgestaan het – se vertoning wat die aandag getrek het. Die afleiding is gemaak dat die NP se oorwinning van 48 persent van die uitgebringde stemme, tesame met die DP se 20 persent, die kiesers verteenwoordig het wat haastig vir hervorming was, teenoor die 31 persent van die KP wat hervorming teengestaan het. Die groeiende internasionale vyandigheid, isolasie en sanksies; die nasionale swart krisis;

24. R. Harvey, *The fall of apartheid. The inside story from Smuts to Mbeki* (Palgrave, New York, 2003), pp 228-229; Anoniem, “Dakar-safari verdrag oplossings”, *Suid-Afrikaanse Oorsig*, 21 Augustus 1987, p 3; Waldmeir, *Anatomy of a miracle*, pp 63-64, 71-72.
25. Anoniem, “Die African National Congress”, *Maandoorsig van nuusgebeure-sentrum vir die ondersoek na rewolusionêre bedrywighede*, 1987, p 22.

die toenemende besef van die immoraliteit van die apartheidsbeleid; swak ekonomie en dan veral ook die val van kommunisme was faktore wat bygedra het om De Klerk tot aanpasbaarheid oor te haal. De Klerk is voortdurend deur sy broer, Willem de Klerk, op hoogte gehou oor die samesprekings tussen die verligte en “nuwe Nat” Afrikaners en die ANC wat vanaf 1987 tot 1990 in Engeland plaasgevind het. Volgens Willem het dié groep Afrikaners ’n meer gunstige indruk van die ANC gekry.²⁶

Met De Klerk se verkiesing tot staatspresident in Augustus 1989, was hy daarvan oortuig dat ’n nuwe konstitusionele bedeling saam met al die swartes van die land onderhandel moes word. Hy het daarom al sy krag begin inspan om die demokratiseringsproses moontlik te maak deur binne drie maande na sy presidentskap ingrypende hervormings deur te voer. De Klerk het ook die “nuwe Nattes” en verligtes se afkeer van die magstrukture van die sekurokrate in die NP-regering gedeel en dit afgetakel.²⁷

De Klerk het daarin geslaag om die faksievorming in die kabinet, wat tydens Botha se bewind aan die orde van die dag was, te beëndig en ’n eenheidsfront in die NP-kabinet en -koukus te vestig. Die konserwatiewe lede is tot die politiek van die “nuwe Nattes” oorgehaal. Eenstemmigheid is bereik in die aanvaarding van al die logiese gevolge van magsdeling, mits daar redelike beskerming van minderheidsregte sou wees. Die hele kabinet het die besluit ondersteun dat die ANC by onderhandelinge betrek moes word. Hulle het besluit dat dit belangrik was om die inisiatief te neem, om so die *hoë morele voordeel*²⁸ of gesagsposisie te verkry en hulle teenstanders onverhoeds te betrap. Op dié manier wou hulle verseker dat hulle deurgaans in beheer van die proses sou bly en goeie regering, wet en orde handhaaf.²⁹ Die verligtes en “nuwe Nattes” het onbewustelik in hulle politieke sieninge

-
26. A.J.G. Müller, “Die hervormingsinisiatiewe van die Nasionale Party, 1978 tot 1989, en die redes daarvoor”, MA-verhandeling, Universiteit van die Oranje Vrystaat, 1993, pp 206 & 236-237; *The Cape Times*, 23 Februarie 1987; *The Star*, 25 Mei 1987; De Klerk, *F.W. de Klerk*, p 31; F.W. de Klerk, *Die laaste trek – ’n nuwe begin* (Human & Rousseau, Kaapstad, 1998), pp 166, 180-184; A. Ries & E. Dommissie, *Leierstryd. Die dramas rondom die uittrede van president P.W. Botha* (Tafelberg, Kaapstad, 1990), p 256; Waldmeir, *Anatomy of a miracle*, pp 133-137; Giliomee, *Die Afrikaners*, pp 595-596.
 27. De Klerk, *F.W. de Klerk*, p 18; De Klerk, *Die laaste trek*, pp 167, 170-171, 177; Giliomee, *Die Afrikaners*, p 586.
 28. De Klerk, *Die laaste trek*, p 178. Die term is in daardie stadium deur die NP-kabinet geskep en word in hierdie artikel deurgaans gebruik om die NP-regering se morele gesagsposisie teenoor die ANC in die onderhandelinge aan te dui.
 29. De Klerk, *Die laaste trek*, pp 178-179.

'n samesmelting beleef en daarna tot en met die afhandeling van die grondwetlike onderhandelinge in 1990, saam as die verligte groep in die NP-kabinet bekendgestaan. De Klerk het op die politieke beginsels van die verligtes in sy kabinet staatgemaak om rigting in beleidmaking aan te dui.

Met De Klerk se radikale aankondigings en herroeping van die Wet op Aparte Geriewe tydens die opening van die parlement op 2 Februarie 1990, is apartheid beëindig en is Suid-Afrika op 'n onomkeerbare pad van verligte politieke verandering geplaas. Hierdie rigting sou deur die verligtes gedikteer word. De Klerk se aankondigings is op die Harare-dokument (21 Augustus 1989) gebaseer, wat deur die ANC vrygestel is na aanleiding van gesprekke tussen die verligtes, "nuwe Nattes" en die ANC, en waarin die voorwaardes vir onderhandelinge vervat is.³⁰

In De Klerk en die verligtes se besluit om onderhandelinge met die ANC aan te knoop, het die demografiese tendense swaar gewee. Dit was vir hierdie groep belangrik om in die lig van die krimpende blanke bevolking teenoor die groeiende swart bevolking uit 'n posisie van krag, en nie met hulle rug teen die muur nie, te onderhandel. Sodoende – het hulle geredeneer – kon 'n redelike skikking bereik word, omdat hulle steeds oor die politieke mag beskik het, al het die ANC die meerderheidsteun gehad. De Klerk en die verligtes het ook geglo dat die kanse op sukses in komende onderhandelinge verseker kon word deur te bewys dat daar nie onder druk onderhandel is nie, maar eerder uit die krag van hulle oortuiging. Die regering se posisie van krag is in daardie stadium versterk weens die ANC se probleem om hom van 'n versetbeweging na 'n politieke organisasie om te skakel.³¹

30. De Klerk, *F.W. de Klerk*, pp 18, 29; Harvey, *The fall of apartheid*, p 186.

31. H.S. Chhabra, *New South Africa. Problems of democratic transition* (Africa Publications, New Delhi, 1994), p 43; Waldmeir, *Anatomy of a miracle*, pp 162-164; A. Sparks, *Tomorrow is another country: the inside story of South Africa's road to change* (University of Chicago Press, Chicago, 1996), pp 124-125; Giliomee, *Die Afrikaners*, p 588; Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein: Persoonlike versameling 883 van L. Wessels, lêer 1/V2/1, 1982-1990; De Klerk, *Die laaste trek*, p 178.

Die verligtes en die onderhandelingsproses

Die onderhandelingsproses kan in drie fases verdeel word. Die eerste fase het reeds gedurende 1985-1990 deur verskeie NP-lede (politici, joernaliste, akademici, besigheidslui en kunstenaars) agter die skerms plaasgevind. In die artikel word daar gekonsentreer op die onderhandelinge wat deur die verligte NP-politici vanaf die tweede fase gevoer is. Die tweede fase het op 2 Februarie 1990 met De Klerk se verrassende aankondigings 'n aanvang geneem en was daarop gemik om die weg vir finale onderhandelinge voor te berei deur alle struikelblokke te verwyder. Dit sou bereik word deur bilaterale samesprekings tussen die hoofrolspelers, naamlik die ANC en die NP-regering, en ook ander partye. Die derde fase het die gestruktureerde en verteenwoordigende onderhandelinge ingelui met al die betrokke partye en het met die stigting van die Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika (Kodesa 1) op 20-21 Desember 1991 en Kodesa 2 op 15 Mei 1992 'n aanvang geneem. Kodesa 1 het vyf werksgroepe gestig om 'n oorgangswet te onderhandel en op te stel, om sodoende gepaardgaande probleme tussen verskillende partye op te los. Die verligtes het reeds as die hoofrolspelers in fase een na vore getree en sedert fase twee begin om die politieke terrein te beheer en die politieke rigting in die onderhandelinge aan te dui.³²

Die verligtes en die “nuwe Nattes” was die inisieerders van die onderhandelingsproses. Hulle het die eerste fase van die onderhandelings-proses ingelui deur met vooraf samesprekings agter die skerms grondwetlike oplossings te soek. Verligte Chris Heunis, minister van Staatkundige Ontwikkeling, het die eerste fase geopen deur te poog om deur gesprekvoering beter verhoudinge met nie-revolusionêre swartes, kleurlinge en Indiërs te bewerkstellig. Verligtes en “nuwe Nattes” het vanaf die middel van die tagtigerjare begin om samesprekings met die ANC te voer (soos reeds genoem). Die verkennende samesprekings het tot gevolg gehad dat bande gesmee en goeie gesindhede tussen die verskillende partye geskep is. Dit het die weg vir verkennende gesprekke tussen De Klerk en Nelson Mandela voorberei en na Mandela se vrylating het fase twee van die onderhandelinge aangebreek.³³

Geweld sou end-uit 'n belangrike en bepalende rol in die bilaterale samesprekings en formele onderhandelinge speel. Die ANC sou deurgaans poog om die grootste moontlike politieke voordeel uit die situasie te trek om steun by sy ondersteuners te wen deur die oorsaak van geweld op die skouers

32. De Klerk, *Die laaste trek*, p 192; *Sowetan*, 1 May 1992.

33. De Klerk, *Die laaste trek*, pp 190-192.

van die regering te plaas. De Klerk en die ANC het mekaar van die aanstigting van geweld beskuldig. Die ANC het sy strategie in Junie 1992 verander. Geweld is aanvanklik gebruik om onderhandelinge te staak, maar voortaan sou dit ingespan word om druk uit te oefen om onderhandelinge te verhaas.³⁴

De Klerk het met die tweede fase van die onderhandelinge die ondersteuning van die verligte politieke denkers nodig om die grondwetlike onderhandelinge deur te voer. Gerrit Viljoen, wat as minister van Staatskondigende Ontwikkeling en Nasionale Opvoeding aangestel is, sou die onderhandelinge lei. 'n Onderhandelingspan is saamgestel wat hoofsaaklik uit verligtes bestaan het, maar wat ook konserwatiewe NP-ministers en sekurokrate op grond van hulle portefeuljes, wat vir die onderhandelings-proses nodig was, ingesluit het. Laasgenoemde het bestaan uit ministers soos Hernus Kriel (minister van Beplanning en Provinsiale Sake), Magnus Malan (minister van Verdediging) en Adriaan Vlok (minister van Wet en Orde).³⁵

Die tweede fase het bykans twee jaar geduur. Dié tydsvloep het die NP-posisie in die onderhandelinge negatief beïnvloed. Dit het aan die ANC geleentheid verskaf om homself te organiseer, en sy vertrouensposisie onder swartes te verstewig. In dié proses het die magsbalans geneig om die ANC te bevoordeel deurdat hulle met politieke vernuf geweld aangewend het om die beeld en integriteit van die NP-regering te skaad. Die NP het ook die helfte van sy Afrikanersteun aan die KP verloor. Die verligtes en De Klerk het wel daarin geslaag om in dié fase die sluiting van die Groote Schuur-minuut, die Pretoria-minuut (ten spyte van die oopvlekking van Operasie Vula), die D.F. Malan-akkoord en die ondertekening van die Nasionale Vredesakkoord te bereik. Hulle het ook die Inkathagate-skandaal, wat gedreig het om die onderhandelinge skipbreuk te laat ly, opgelos. Die NP het hom verder op die onderhandelinge voorberei deur in Augustus 1990 'n nie-rassige party te word. Die doel was om 'n doeltreffende teenwig vir die ANC en sy kommunistiese bondgenote te vorm deur gematigde Suid-Afrikaners te verwelkom.³⁶ In dié fase het De Klerk en die verligtes die hoofpilare van apartheid vernietig deur in Junie 1991 die Wet op Grondbesit, die Groepsgebiedewet en die Bevolkingsregistrasiewet te herroep.³⁷

Die verligtes sou hulle hande vol hê om onderhandelinge tydens die

34. Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein: Persoonlike versameling 883 van L. Wessels, lêer 1/V2/1, 1982-1990; Giliomee, *Die Afrikaners*, p 596; P. du Toit, *South Africa's brittle peace: the problem of post-settlement violence* (Palgrave, Hampshire, 2001), pp 44-46.

35. De Klerk, *Die laaste trek*, pp 192-193.

36. De Klerk, *Die laaste trek*, p 208.

37. Chhabra, *New South Africa*, pp 37-38, 68.

derde fase op die spoor te hou, omdat Kodesa 1 met 'n diepe verdeeldheid tussen die drie grootste partye afgeskop het. Die NP-regering was ten gunste van magsdeling, die ANC wou 'n meerderheidsregering hê, en die Inkatha Vryheidsparty (IVP) het 'n federasie voorgestaan. Die verdeeldheid was gou duidelik toe agttien van die afgevaardigdes die Deklarasie van Voorname, waarin 'n onverdeelde Suid-Afrika met 'n enkele nasionaliteit en gemeenskaplike burgerskap erken is, onderteken het, terwyl die IVP en Bophuthatswana geweier het. Buthelezi het met sy wispelturigheid en onbuigsamheid mettertyd sy bedingingsposisie by Kodesa gemarginaliseer. Hy het oneindige probleme vir die verligtes en die NP-regering veroorsaak deur gedurig uit die Kodesa-onderhandelinge te loop.³⁸

Die rede vir die tydsverloop van twee jaar voor die formele onderhandelinge plaasgevind het, was die uiteenlopende menings wat die ANC en die regering gehuldig het oor die wyse waarop die onderhandelinge moes plaasvind. Die ANC was daarvan bewus dat hy 'n groot oorwinning by die stembus kon behaal en het daarom geëis dat die NP-regering die mag aan 'n nie-verkose tussentydse veelpartyregering oorhandig, terwyl 'n verkiesing vir 'n grondwetgewende vergadering, wat 'n nuwe grondwet sou opstel, gehou word. 'n Verkiesing sou dan ingevolge so 'n nuwe grondwet vir 'n volle verteenwoordigende parlement en regering gehou word. Die NP het dié eise verwerp, omdat hulle nie ten gunste daarvan was dat 'n nie-verkose tussentydse veelpartyregering sonder 'n grondwet regeer nie. Die regering wou ook verhoed dat enige grondwet op hulle afgedwing word, omdat hulle terdeë bewus was van die ANC se moontlike groot oorwinning by die stembus, wat hom in staat sou stel om 'n grondwet op sy eie te skryf. Die NP-regering en ander belangrike partye, soos die IVP, het daarop aangedring dat die NP die land bly regeer, terwyl 'n konstitusionele veelpartykonvensie 'n nuwe grondwet moes opstel, waarvolgens die eerste demokratiese verkiesing vir 'n nuwe parlement gehou sou word.³⁹

Die regering se tydelike oorwinning deurdat die ANC in Januarie 1991 tot 'n veelpartykonvensie ingestem het, was nie sonder probleme nie. Voortslepende geweld het daarop gevolg, wat onstuimige onderhandelinge en een krisis na die ander meegebring het. Vir die regering het dit al hoe moeiliker geword om die land te regeer. Dit het die verligtes en De Klerk

38. A. Sparks, *Tomorrow is another country: the inside story of South Africa's negotiated revolution* (Struik, Sandton, 1994), p 130; De Klerk, *Die laaste trek*, pp 238, 242; J.B. Barber, *South Africa in the twentieth century: a political history – in search of a nation state* (Oxford, London, 1999), p 293; *Sowetan*, 15 May 1992.

39. De Klerk, *Die laaste trek*, pp 233-234; Giliomee, *Die Afrikaners*, p 589.

laat beseef dat dit noodsaaklik was dat die ANC so gou moontlik by 'n gesamentlike regering betrokke moes wees en daarom is in November 1991 tot 'n kritieke beleidsverandering ingestem. Die aankondiging van dié beleidsverandering deur die staatspresident by Kodesa 1 moes as 'n verrassing vir die ANC dien. Die doel was om die inisiatief vir onderhandelinge in die regering se hande terug te plaas, en om uit 'n posisie van krag – gevestig op die verkryging van die *hoë morele voordeel*, wat met die Inkathagate-skandaal verloor is – te onderhandel.⁴⁰

Dit is voorgehou as die regering se bereidwilligheid om 'n kompromie tussen die ANC en die NP-regering se botsende standpunte oor die proses van die konstitusionele onderhandelinge te bereik. De Klerk, gesteun deur die verligtes, het voorgestel dat die opstelling van die grondwet in twee fases moes geskied. In die eerste fase moes 'n oorgangsgrondwet deur Kodesa opgestel word, wat by wyse van 'n referendum goedgekeur moes word, waarna dit deur die Driekamerparlement aangeneem sou word. Hierna sou 'n verkiesing vir die eerste verteenwoordigende parlement volg, wat as oorgangsregering volgens dié oorgangsgrondwet sou optree. De Klerk het in gedagte gehad dat die oorgangsregering tien jaar moes duur. In die tweede fase moes die oorgangsregering die Kodesa-grondwet hersien en aanpas. Die Kodesa-oorgangsgrondwet sou as breë riglyn dien waaraan die finale grondwet, wat deur die oorgangsregering opgestel sou word, moes voldoen. Hierdie historiese kompromie, wat ook 'n toegewing aan Mandela se voorstelle van 'n jaar tevore was, het die grootste struikelblok verwyder en die weg vir grondwetlike oplossings gebaan. Dit was 'n wegbeweeg van die NP-regering se oorspronklike aandrang op aangewese verteenwoordigers om die grondwet te skryf, omdat gekose verteenwoordigers noodwendig uit die bevolking wat die meerderheid gevorm het, sou bestaan. Die verligtes en De Klerk het die kabinet oortuig dat die ANC se steun op dié wyse geneutraliseer sou word deurdat die NP goed in die verkiesing sou vaar. Die hoop was gevestig op meningsopnames wat in daardie stadium aangedui het dat die ANC minder as die helfte van die bevolking se steun gehad het. Die verligtes en De Klerk het die NP-regering oortuig dat spoed sy enigste wapen was om die inisiatief te behou en die beste politieke ooreenkoms te bereik. Sodoende was hulle van die internasionale gemeenskap se steun verseker en sou hulle teenstanders onkant gevang word. Die NP was ook oortuig dat verdragings met onderhandelinge in die NP se kiesersbasis kon invreet.⁴¹

40. De Klerk, *Die laaste trek*, p 239; Giliomee, *Die Afrikaners*, p 589.

41. De Klerk, *Die laaste trek*, p 239; Giliomee, *Die Afrikaners*, p 589; Waldmeir, *Anatomy of a miracle*, pp 192-196; Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein: Persoonlike versameling 912 van R. Meyer, lêer 1/1/5/2, 1991, pp 130-133; P. Coetzer, "Perspektief op Kodesa 1", *Bulletin NP. Inligtingsdiens van die*

Hoewel De Klerk en die onderhandelingspan insluitende die verligtes, asook die kabinet in daardie stadium nie blanke beheer wou behou nie, was dit ook duidelik dat hulle nie ten gunste van 'n meerderheidsregering was nie. Gevolglik is daar aangedring op 'n handves van menseregte om die burgerlike en eiendomsreg van die individu te beskerm; 'n onafhanklike regterlike mag om die staat se mag in beheer te hou; en op die skeiding tussen die wetgewende en uitvoerende magte, asook tussen die sentrale regering en die provinsies. Op hierdie wyse is daar gesorg dat die politieke mag tussen die swart meerderheid en die blanke minderheid deur magsdeling gebalanseer sou word. Daar is dus met die beleidsverandering van groepsregte en federalisme na 'n regering waarin verskeie partye saamwerk, verskuif. Kabinetsposte sou volgens 'n proporsionele kiesstelsel toegedeel word, en alle partye wat ten minste 10 persent van die kiesersteun in elk van die nege provinsies behaal het, kon 'n gelyke getal van verteenwoordiging in die hoërhuis van die parlement verkry. Hulle was ook ten gunste daarvan dat 'n roterende presidentskap tussen die leiers van die verskillende partye gevolg moes word; dat besluite in die kabinet op grond van konsensus geneem moes word; en dat 'n stelsel wat aan elke party effektiewe vetoreg verleen het, ingestel moes word. Met verkiesings is 'n lys van kandidate wat die partye verteenwoordig, voorgestaan. De Klerk en die onderhandelingspan het hulle dus beywer vir 'n demokratiese bestel geskoei op magsdeling, waarin elke groep min of meer gelyke mag sou hê. Hierdie voorstelle is as 'n wen-wen situasie voorgehou, wat as basis vir die onderhandelinge moes dien.⁴²

Mandela het dié voorstelle as 'n *loser-takes-it-all*⁴³ beskou. Die ANC het hierteenoor 'n meerderheidsregering voorgestaan, wat slegs beperk kon word deur 'n handves van menseregte om individue en minderhede te beskerm; 'n gesentraliseerde regering; en 'n ekonomie wat rykdom eweredig sou versprei. Sedert die aanvang van Kodesa 1, was die ANC en die NP inderwaarheid in 'n tweestryd gewikkel oor watter party bereid sou wees om mag prys te gee en kompromieë aan te gaan.⁴⁴

De Klerk se besluit om 'n referendum vir blankes op 17 Maart 1992 af te kondig om die konserwatiewe aanslae af te weer, het inderwaarheid

Nasionale Party, 1, 1992.

42. Waldmeir, *Anatomy of a miracle*, p 193; Harvey, *The fall of apartheid*, p 220; Chhabra, *New South Africa*, p 44; Giliomee, *Die Afrikaners*, p 589.

43. Waldmeir, *Anatomy of a miracle*, p 193.

44. A.R. Turton, "Statutory instruments for the maintenance of ethnic minority interest in a multi-cultural community: The case of the Afrikaners in South Africa". Paper presented at the Institute of Ethnology and Anthropology at the Russian Academy of Science, August 1997, p 21; Waldmeir, *Anatomy of a miracle*, p 193.

verligte politiek ondermyn. Die verligtes en die meerderheid in die NP-koukus was teen 'n referendum gekant. Hulle het dit as 'n oorhaastige en gewaagde stap beskou. Alhoewel die NP 67 persent van die kiesers se steun gewen het, het dit geblyk dat die gevolge van die referendum 'n groot probleem vir die NP in die daaropvolgende onderhandelinge was. Die gevolge het 'n draaipunt in die onderhandelinge veroorsaak, deurdat die NP sy magsposisie in die onderhandelinge verloor het en voortaan dikwels moes toegee. De Klerk se pragmatiese politiek en die politiek van die verligtes het sedert die referendum in 'n mindere mate verenigbaar blyk te wees.⁴⁵

Die referendum het die wêreld oortuig dat die blankes in Suid-Afrika oorgehaal vir drastiese politieke veranderinge was. Herman Cohen, die Amerikaanse adjunk-minister van Buitelandse Sake gemoeid met Afrika, het in Julie 1992 verklaar dat alle partye die reg van die meerderheid om te regeer, erken het. Die verligtes se kommer dat die referendum se uitslag De Klerk se selfvertroue sou versterk, is bewaarheid, en het veroorsaak dat hy met minder insiklikheid na die onderhandelingsstafel teruggekeer het. Die ANC het terselfdertyd ook die uitslae van die referendum geïnterpreteer en tot hulle voordeel aangewend. Hulle afleiding was dat die blankes eerder bereid was om saam met hulle in vrede as in oorlog te leef. Die angel van die regse gevaar is ook vir hulle verwyder deurdat hulle beseft het dat die regses nie werklik 'n bedreiging vir De Klerk se posisie was nie en dit daarom nie meer nodig was om die regses te paai nie. Dit het tot gevolg gehad dat ook hulle 'n hardvotiger houding in die onderhandelinge ingeneem het.⁴⁶

Die NP was gedwing om na bedankings van verligte ministers Gerrit Viljoen en Barend du Plessis weens swak gesondheid, met 'n veranderde span na die onderhandelingsstafel terug te keer. Roelf Meyer het sedert 1 Mei 1992 as hoofonderhandelaar vir die NP opgetree. Tertuis Delpont moes inderhaas as Gerrit Viljoen se adjunk-minister van Konstitusionele Ontwikkeling en Beplanning as onderhandelaar op 15 Mei 1992 vir Werkgroep 2 by Kodesa 2 intree. Hy was egter onervare in die onderhandelinge en was dus nie teen Cyril Ramaphosa, die hoofonderhandelaar van die ANC, opgewasse nie.⁴⁷

45. Giliomee, *Die Afrikaners*, p 591.

46. Giliomee, *Die Afrikaners*, pp 591, 598; Waldmeir, *Anatomy of a miracle*, p 200; *Vrye Weekblad*, 28 Februarie tot 5 Maart 1992 (Almal wat ja stem, moenie as jabloers beskou word nie), p 6.

47. De Klerk, *Die laaste trek*, p 244.

Die ANC en NP se hardvotiger houding, tesame met Tertuis Delpont se onervaarenheid, het daartoe bygedra dat onderhandelinge by Kodesa 2 skipbreuk gely het. 'n Ooreenkoms kon nie in Werkgroep 2 bereik word oor die persentasie steun wat nodig sou wees om besluite in die grondwetgewende vergadering te neem nie. Die regering het op 'n meerderheid van 75 persent aangedring, terwyl die ANC 66 persent voorgestaan het. Die ANC was in daardie stadium volgens meningspeilings van slegs 45 persent van die bevolking se steun verseker en het besef dat dit bykans onmoontlik sou wees om die oorgangsgrondwet te hersien. Die ANC het die voorstel om wigte en teenwigte in die stelsel in te bou om vir minderheidsbelange voorsiening te maak, beskou as pogings om aan die een of ander vorm van minderheidsvetoreg vas te klou. Ramaphosa het 'n plan beraam om Kodesa 2 op 'n dooiepunt te laat afstuur. Hy het voorgestel dat die finale grondwet met 70 persent en die Handves van Regte met 75 persent goedgekeur kon word. Hy het bygevoeg dat indien die Nasionale Vergadering nie die finale grondwet na ses maande met die vereiste meerderheid kon goedkeur nie, dit dan in 'n nasionale referendum met 'n 50 persent meerderheid aangeneem kon word. Delpont, wat onderhandelingservaring gekort het, het nie die slenter erken nie. Hy moes ook kort-kort van die werkgroep wegbreek om per telefoon met De Klerk te beraadslaag. Op De Klerk se aanbeveling het Delpont vasgestaan en Ramaphosa het aangekondig dat hulle uit Werkgroep 2 gaan onttrek. Gevolglik het Kodesa 2 op 15 Mei 1992 op 'n dooiepunt geëindig. Ramaphosa het laat blyk dat die dooiepunt wat bereik is, aan Delpont te wyte was.⁴⁸

De Klerk se onversetlikheid was nie in ooreenstemming met die verligtes van die NP-onderhandelingspan se slagspreuk dat "jy moet vat wat jy kry"⁴⁹ nie. Weens die tydsverloop wat die besluit om onderhandelinge weer te hervat, voorafgegaan het, het die NP waardevolle tyd verloor wat tot gevolg gehad het dat die magsbalans verder na die kant van die ANC geswaai het.⁵⁰

Die ANC is deur sy bondgenote onder druk geplaas om die grondwetlike onderhandelinge so gou as moontlik af te handel, omdat hulle gevrees het dat die lang uitgerekte proses ANC-onderhandelaars tot té veel toegewings sou dwing. Die ANC het besluit om 'n vierfaseprogram van voortgesette massa-optrede van stapel te stuur deur die regering te dwing om onmiddellik 'n oorgangsregering in werking te stel. Die eerste fase sou op 16 Junie 1992 met die viering van Sowetodag 'n aanvang neem. Tot voordeel van die ANC het die Boipatong-voorval op 17 Junie 1992 plaasgevind en hulle het dit aangegryp om die regering finaal te diskrediteer

48. De Klerk, *Die laaste trek*, pp 253-256; Waldmeir, *Anatomy of a miracle*, p 202.

49. Waldmeir, *Anatomy of a miracle*, p 203.

50. Waldmeir, *Anatomy of a miracle*, p 203.

en die magsbalans in hulle guns te swaai. Die ANC het 'n lys van veertien eise aan die regering oorhandig waaraan voldoen moes word voordat onderhandelinge hervat kon word. Die regering het dit verwerp.⁵¹

Die regering en verligtes het te midde van die ANC se voortgesette massa-optredeprogram gepoog om onderhandelinge weer aan die gang te kry. Die ANC is egter tot sy sinne geruk na sy mislukte staatgreep in Bisho (in Ciskei) op 7 September 1992, waartydens 28 van sy lede dood is. Beide die ANC en die regering het druk vanuit die buiteland ondervind om die onderhandelinge te hervat. Albei was ook geskok oor die invloed wat die dooiepunt in die onderhandelinge op die ekonomie gehad het. Die jaarlikse ekonomiese groei wat weens sanksies en die swart verset van 26 persent in 1983 tot 16 persent in 1991 gedaal het, het gedurende 1992 nog 'n verdere daling beleef.⁵²

Roelf Meyer⁵³ het eers na die Boipatong-voerval sterk beheer oor die rigting wat onderhandelinge voortaan sou inslaan, oorgeneem. In daardie stadium het die politieke momentum wat die onderhandelinge teweeggebring het, 'n groot breuk tussen die verligtes en konserwatiewe elemente in die NP-kabinet en die onderhandelerhandelingspan veroorsaak. Die konserwatiewe elemente het bly vasklou aan die ooreengekome beginsels toe met die onderhandelinge begin is en het ooreenkomste wat bereik is, as 'n afwyking van magsdeling beskou. Hernus Kriel het baie stof hieroor opgeskop en verwys na die "oorgawe" van die onderhandelaars. Meeste van die verligte denkers het na die konserwatiewe kant geswaai, wat die "ware" verligtes tot vier verminder het. Fanie Schoeman, Leon Wessels en Dawie de Villiers, saam met Roelf Meyer, het die verligte groep binne die kabinet gevorm. De Klerk se steun het dit vir dié verligtes moontlik gemaak om groter invloed oor die rigting wat die onderhandelinge moes inslaan, uit te oefen. Om dit te bereik, was dit belangrik om die weg na

51. Chhabra, *New South Africa*, pp 110-111.

52. Waldmeir, *Anatomy of a miracle*, pp 208, 212; De Klerk, *Die laaste trek*, pp 260-264; Chhabra, *New South Africa*, p 111; H. Giliomee, Presidential address: "Liberal and populist democracy in South Africa: challenges, new threats to liberalism", *South African Institute of Race Relations*, 1996, p 4.

53. R. Meyer, "Paradigm shift: the essence of successful change. A personal experience", *UNU Update*, 23, p 12. Roelf Meyer het in 1979 lid van die parlement geword. Hy is as adjunk-minister van Wet en Orde en ook Konstitusionele Sake (1986-1991) en as minister van Konstitusionele Sake (1992-1994) aangestel. Gedurende 1988 tot 1991 het sy denke toenemend verlig geword en het hy van mening geraak dat onderhandelinge die enigste uitweg vir 'n politieke oplossing was. Hy het besef dat apartheid nie net hervorm moes word nie, maar dat daar na 'n nuwe politieke bedeling gesoek moes word. In dié tyd het hy ook sy siening in die openbaar begin verkondig.

onderhandelinge oop te hou, wat kompromieë en toegewings tot gevolg gehad het. Dié kompromieë het veroorsaak dat die verligtes verder van hulle eie kollegas verwyderd geraak het.⁵⁴

Roelf Meyer het twaalf jaar na Kodesa 2 in 'n persoonlike onderhoud verklaar dat daar in die drie maande-tydperk waartydens die ANC sy onderhandelinge gestaak het en sy massa-optredeprogram uitgevoer het, 'n paradigmaskuif in die politieke denke van die verligte onderhandelingspan ontstaan het. Hulle het hulleself afgevra: "Wat verlang ons werklik van 'n nuwe grondwetlike bedeling?" Met dié vraag is daar onbewustelik wegbeweeg van die vorige NP politieke denke wat daarop geskoei was om die mag wat hulle gehad het, te probeer beskerm. Dié vorige politieke denke het wel 'n veelrassige regering ingesluit, maar op 'n wyse waarby die ANC slegs in 'n vergrote kabinet betrek sou word. Hulle het besluit dat dit belangrik was dat die nuwe grondwetlike bedeling gelyke regte vir almal moes beklemtoon, gebaseer op individuele regte, eerder as groepsregte. Volgens Meyer het Francois Venter,⁵⁵ dekaan van die Regsfakulteit by Noordwes Universiteit, die nuwe politieke denke ingelui. Dié paradigmaskuif het plaasgevind weens groot druk op die regering om onderhandelinge voort te sit. Die konserwatiewe NP-kabinetslede het nie die paradigmaskuif beleef nie en dit het die breuk tussen die twee groepe vergroot. Die konserwatiewe NP-koukuslede het die onderhandelingspan gevolglik met suspisie bejeën.⁵⁶

Volgens Meyer het die dramatiese paradigmaskuif in die verligte politieke denke nie net die voortsetting van grondwetlike onderhandelinge moontlik gemaak nie, maar ook 'n nuwe fase in die politieke onderhandelinge ingelui, wat die NP se politieke rigting onomkeerbaar verander het. Meyer se politieke denke sou voortaan op die nuwe paradigma geskoei wees, wat die gedagte van 'n meerderheidsregering meer aanvaarbaar vir hom gemaak het. Meyer het geglo dat dit vernietigend was om vir oorblyfsels van magsbehoud te veg, dus het hy die NP-kabinet aangespoor en daarop aangedring dat daar weg van die gedagte van minderheidsregte na dié van 'n meerderheidsregering beweeg moes word. Die gedagte het die breuk nog verder tussen die verligte onderhandelaars en

-
54. L. Wessels, *Die einde van 'n era. Bevryding van 'n Afrikaner* (Tafelberg, Kaapstad, 1994), p 133; Persoonlike inligting: R. Meyer, Pretoria, 22 Desember 2004; Waldmeir, *Anatomy of a miracle*, p 215.
55. Francois Venter was verbonde aan Werkgroep 1 by Kodesa wat verantwoordelik vir die skepping van 'n klimaat vir vrye politieke aktiwiteite was.
56. Wessels, *Die einde van 'n era*, p 133; Persoonlike inligting: R. Meyer, Pretoria, 22 Desember 2004.

die res van die kabinet vergroot. Meyer sou De Klerk eers 'n jaar later (in 1993) oorhaal om die beginsels van 'n meerderheidsregering te aanvaar.⁵⁷

Roelf Meyer en Cyril Ramaphosa se informele gesprekvoering agter die skerms vanaf Junie tot September 1992, het 'n kanaal vir verdere onderhandelinge geopen. Mandela het De Klerk se uitnodiging kort na die Bisho-voorval om 'n weg te vind om na onderhandelinge terug te keer, aanvaar. Mandela het die veertien aanvanklike eise as voorwaarde vir verdere onderhandelinge, na drie verminder soos Meyer en Ramaphosa reeds in hulle gesprekke ooreengekom het. Dit het die verbod op die dra van gevaarlike wapens en ook tradisionele wapens by openbare geleenthede, die omheining van hostelle, en die onmiddellike vrylating van ANC-politieke gevangenes behels. Die eerste twee eise sou die regering dwing om teen Inkatha op te tree, wat hulle nie net Inkatha se vyandigheid nie, maar ook die konserwatiewe vleuel in die NP se teenkating op die hals sou haal. Die Vrywaringwet met die Norgraad-beginsel, waarvolgens voorbedagte politieke moorde nie ongestraf moes bly nie, sou nie meer geld nie. Die staatspresident sou nie meer die reg hê om vervolgings wat reeds 'n aanvang geneem het, by vrywaring in te sluit nie. De Klerk was gekant teen die vrylating van veral die Magoos Bar-moordenaar, Robert McBride, en halssnoermoordenaars.⁵⁸

Dié eise is tydens 'n spitsberaad tussen Mandela en De Klerk, wat van 24 tot 26 September 1992 plaasgevind het, op die spits gedryf. Mandela was vasberade dat daar aan al dié eise voldoen moes word en het gedreig om onderhandelinge te staak indien nie daaraan gehoor gegee sou word nie. De Klerk het weens druk van ook sy verligte kollegas geen ander keuse gehad as om tot die eise in te stem nie. Die verligtes het selfs die toeweging aan veral die laaste eis, nie as 'n té hoë prys vir die hervatting van die onderhandelinge beskou nie. Dié eis is deur die Wet op Verdere Vrywaring bekragtig. Die aanvaarding van die eise het gelei tot die ondertekening van die Notule van Verstandhouding op 26 September 1992. Die verligtes was verlig dat onderhandelinge weer op koers was.⁵⁹

57. Persoonlike inligting: R. Meyer, Pretoria, 22 Desember 2004; Waldmeir, *Anatomy of a miracle*, p 215.

58. Inligtingskomitee van die Nasionale Party van die Vrystaat, "Die Wet op Verdere Vrywaring", *Inligtingstuk*, 4, 1992, p 24; De Klerk, *Die laaste trek*, pp 265-271; Sparks, *Tomorrow is another country* (Chicago), pp 179-184; *Die Burger*, 12 Oktober 1998.

59. De Klerk, *Die laaste trek*, pp 265-271; A. Sparks, *Tomorrow is another country*, (Chicago), pp 179-184.

Joe Slovo het die ANC ooreed om in November 1992 die sonsondergangsklausule by die Notule van Verstandhouding in te sluit. Hiermee is staatsdiensposte vir vyf jaar gewaarborg en het hulle ook 'n Regering van Nasionale Eenheid (RNE) vir vyf jaar voorgestel. De Klerk het die voorstelle wat waarborge vir staatsdiensposte en -pensioene gebied het, verwelkom. Hy het besef dat die aanbod van beperkte magsdeling deur 'n koalisiëkabinet in die vorm van die RNE 'n groot toegewing van die kant van die ANC was. Die feit dat die RNE net vyf jaar sou duur, was vir De Klerk 'n probleem, omdat hy eerder in langtermynmagsdeling belanggestel het. Dit was duidelik dat De Klerk homself in daardie stadium in die middel tussen die verligte en konserwatiewe NP-lede bevind het. De Klerk het nog nie heeltemal die paradigmaskuif van Meyer en sy verligte span gemaak nie. Hy het daarom die voorstelle as vertrekpunt aanvaar, met die gedagte om in toekomstige onderhandelinge een of ander vorm van magsdeling op uitvoerende vlak in die finale grondwet in te sluit.⁶⁰

Die belangrikste kwessie was die persentasie stemme wat sou geld in die besluitnemingsproses in die RNE. De Klerk was nog weifelend om tot die paradigmaskuif van sy verligte onderhandelaars oor te gaan. Hulle het net een doel voor oë gehad het en dit was om 'n onderhandelde grondwet tot stand te bring. Meyer en Wessels was ten gunste van besluitneming gegrond op konsensus, eerder as voorgeskrewe konstitusionele besluitneming. Volgens hulle sou laasgenoemde verdeeldheid onder partye in die hand werk. Dié mening was gegrond op hulle onderhandelingservaring waartydens daar tot 'n vergelyk gekom is deur konsensus wat op wedersydse vertroue gebaseer was. Hulle was oortuig dat die ANC die NP (veral De Klerk) nodig gehad het as gevolg van sy regeringservaring en ook omdat die staatsdiens, veiligheidsmagte en besighede nog steeds aan hom getrou was. Hulle wou ook wegbreek van die apartheidsgewoonte om hulle wil deur wetgewing af te dwing. De Klerk was nog steeds weifelend oor die kwessie toe die politieke leiers op 17 November 1993 byeengekom het om die nuwe oorgangsgrondwet te aanvaar. Mandela was nie bereid om enige toegewing oor 'n meerderheidsregering te maak nie. Mandela het nietemin De Klerk verseker dat hulle hom nodig gehad het in die regering en dat hy beslis 'n rol te speel het. De Klerk het daarop in die oggendure van 18 November 1993 ingestem dat besluite op grond van konsensus in die RNE geneem sou word en die oorgangsgrondwet is gevolglik aanvaar. Hiermee was die taak van die verligtes afgehandel deurdat hulle 'n onderhandelde oorgangsgrondwet bewerkstellig het.⁶¹

60. De Klerk, *Die laaste trek*, p 274.

61. Waldmeir, *Anatomy of a miracle*, pp 229-231.

Slotson

F.W. de Klerk is met sy aankondigings op 2 Februarie 1990 tydens die parlamentsopening daarvoor verantwoordelik dat Suid-Afrika onherroeplik verander het. Hy wou magsdeling sonder oorheersing gehad het, maar met die ontperking van Mandela en die ANC met sy alliansiegenote, het hy nie meer alleenbeheer oor die verloop van sake gehad nie. Die ANC, wat op die steun van die meerderheid van die bevolking kon reken, sou daarna die verloop van sake bepaal en later oorheers. Hulle sou voortdurend die sanksie- en gewelddroefkaart speel om onderhandelinge in hulle guns te besleg.

Die gevolge van die 2 Februarie 1990-toespraak het 'n politieke momentum opgebou wat deur niemand tot stilstand gebring kon word nie. Alhoewel sowel die verligtes as konserwatiewe NP-kabinetslede dié besluit goedgekeur het, het die politieke momentum daarvan 'n groot breuk tussen die twee kampe in die NP-kabinet meegebring. Met dié stap het die meeste van die verligte denkers na die konserwatiewe kant geswaai, wat mettertyd die “ware” verligtes tot vier in die kabinet verminder het. De Klerk het 'n hervormingspad ingeslaan wat hom gedwing het om swaar op die verligtes te steun en sy steun het hulle toegelaat om die onderhandelinge te beheer en die rigting daarvan te bepaal om 'n onderhandelde grondwet tot stand te bring. Om dit te bereik, was dit belangrik om die weg na onderhandelinge oop te hou, wat kompromieë en toegewings tot gevolg gehad het.⁶²

De Klerk se pragmatiese politiek en die politiek van die verligtes het sedert die referendum in 'n mindere mate verenigbaar blyk te wees. Verligte pogings om 'n mate van magsdeling in die oorgangsgrondwet te verseker, is deur De Klerk met die hou van die 1992-referendum en sy gevolglike verharde houding by Kodesa 2 vernietig. Die onderhandelingsstaking en buitelandse druk het die verligtes tot 'n paradigmaskuif in politieke denke gedwing, wat De Klerk (hoewel hy nie die paradigmaskuif gemaak het nie) uiteindelik met geen ander keuse as die aanvaarding van 'n meerderheidsregering gelaat het nie. Namate dit geblyk het dat die regering besig was om die magstryd by die onderhandelinge te verloor, het sy swart steun vinnig verminder. Dit het vroeg in 1992 van 9 persent vir die NP en 14 persent vir De Klerk as leier, tot kort voor die verkiesing onderskeidelik na onderskeidelik 3 en 4 persent gedaal.⁶³

62. Wessels, *Die einde van 'n era*, p 133; Persoonlike inligting: R. Meyer, Pretoria, 22 Desember 2004.

63. Giliomee, *Die Afrikaners*, p 606.

Die NP-regering en die verligtes se pogings om morele voornemens tydens die onderhandelinge ten toon te stel, is verder deur die sekurokrate in die wiele gery en dit het die onderhandelingsposisie van die regering belemmer.

Roelf Meyer erken dat die NP sedert 1990 weens groot druk verplig was om uit 'n swak posisie te onderhandel. Dié stelling is teenstrydig met dit wat die regering aanvanklik verkondig het, naamlik dat hulle uit 'n posisie van krag onderhandel het. Die regering het die meerderheidsfaktor totaal onderskat, omdat die swartes reeds in die negentigerjare 23-miljoen meer as die blankes getel het. Die regering en verligtes sou heel waarskynlik, indien die onderhandelinge vroeër 'n aanvang geneem het, beter in die onderhandelinge gevaar het. Meyer is oortuig dat hulle binne die omstandighede waarin hulle onderhandel het, die beste gedoen het wat hulle kon.⁶⁴

Dit is ook waar dat die ANC-onderhandelaars in die algemeen, en dan veral Cyril Ramaphosa, meer ervaring met onderhandelinge as Roelf Meyer en die ander NP-onderhandelaars gehad het. Hulle het geweet hoe om 'n saak te debatteer totdat die opponent sy geduld verloor en op daardie wyse is sielkundige voordeel behaal om die balans van mag in hulle guns te besleg. In die toepassing van hierdie strategie het Ramaphosa en Mandela nie gehuiwer om die rassistiese troefkaart te speel nie. Dit het Meyer en De Klerk van hulle *hoë morele voordeel* en krag van oortuiging ontwapen. Mandela het ook dikwels in die openbaar De Klerk se integriteit bevraagteken om die balans van mag tot sy voordeel te swaai. Volgens Rina Venter, destydse minister van Gesondheid en Welsyn, het Roelf Meyer ook eerder op die skepping van goeie gesindhede gefokus, terwyl Ramaphosa op 'n politieke magspel gekonsentreer het.⁶⁵

NP-onderhandelaars se taak is voorts bemoeilik deur rugstekery en binnegevegte. Volgens amptenare was Roelf Meyer briljant in sy pogings om die proses op koers te hou, maar wat die inhoud van die onderhandelinge betref, het hy eenvoudig nie die nodige steun van sy eie span gekry nie. Daarby het die amptenare so onder mekaar begin baklei, dat daar later van 'n strategie kwalik sprake was. Verligtes het weens onderhandelinge meer tyd met die teenpartyte bestee. Dit het veroorsaak dat onderhandelinge op konsensus en kompromieë berus het, wat veroorsaak het dat hulle verwyderd van hulle eie kollegas geraak het. Hernus Kriel het baie stof opgeskop oor

64. Persoonlike inligting: R. Meyer, Pretoria, 22 Desember 2004; Giliomee, *Die Afrikaners*, p 598.

65. Waldmeir, *Anatomy of a miracle*, pp 192, 210-212.

die “oorgawe” van onderhandelaars, maar terselfdertyd onderhandelinge rakende sy eie portefeuljes aan Roelf Meyer oorgelaat. Meyer was ook verplig om ter elfder ure in die amnestiekwessie in te gryp weens Coetzee se onvermoë om ’n ooreenkoms in dié verband met die ANC te bereik. Meyer benadruk dit dat die NP onder druk moes onderhandel, wat tot gevolg gehad het dat hulle uit ’n swak posisie onderhandel het. Hy verklaar dat hulle onder dié omstandighede die beste gedoen het wat hulle kon. Hy voel dat dié omstandighede op die keper beskou, daartoe bygedra het dat daar ’n beter bedeling vir die land beding is.⁶⁶

Die grootste sukses van die onderhandelinge vir die verligtes was dat die oorgangsgrondwet ’n bloedige rewolusie verhoed het en ’n vreedsame verkiesing tot gevolg gehad het. Die oorgangsgrondwet is deur 86 persent van Suid-Afrika se bevolking wat aan die 1994-verkiesing deelgeneem het, erken en aanvaar.⁶⁷

Chris Louw, ’n voormalige joernalis wat ook verslag gelewer het oor die onderhandelinge, se bitter aantygings en woede spesifiek teen die verligtes se rol in die politiek van Suid-Afrika, is nie heeltemal geregverdig nie. Louw se beskuldigings dat Willem de Klerk en die verligtes in die voorste loopgrawe van apartheid was en dat hulle die jonger geslag Afrikaners mislei het deur geloofwaardigheid aan die apartheidsbestel te gee, is van alle waarheid ontbloot. Die beskuldigings deur Louw is gemaak in ’n brief wat op 1 Mei 2000 in *Beeld* verskyn het en aan Willem de Klerk gerig was in reaksie op sy boek *Afrikaners: Kroes, kras, kordaat*. Die brief het aanleiding gegee tot ’n massiewe nasionale debat (bekend as die “Boetman-debat”) in *Beeld* en *Die Burger*, wat maande geduur het. Baie van dié Afrikaners het met Louw se beskuldigings saamgestem, maar ander het hom van rassisme en blinde naïwiteit beskuldig omdat hy hom laat mislei het en nie self die onregverdigheid van apartheid geïdentifiseer het nie.⁶⁸

Verligtes, insluitende Willem de Klerk, het sedert 1966 gepoog om die apartheidsstelsel van binne die NP te transformeer. Op dié manier kon hulle kritiek binne die nasionalistiese *establishment* artikuleer, sodat die

-
- 66. C. Louw, *Boetman en die swanesang van die verligtes* (Human & Rousseau, Kaapstad, 2001), pp 273-274; Waldmeir, *Anatomy of a miracle*, p 215; Persoonlike inligting: R. Meyer, Pretoria, 22 Desember 2004.
 - 67. C. Nelson, “’n Kritiese beskouing van die RSA se oorgangsgrondwet”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, Junie 1996, p 48.
 - 68. Louw, *Boetman en die swanesang*, pp 12-13; A. Sparks, *Beyond the miracle. Inside the New South Africa* (Jonathan Ball, Johannesburg, 2003), p 139.

band met die binnekring nie verbreek is nie. Hulle het invloed uitgeoefen om Afrikaners tot verandering, hervorming en aanpassings in die politieke situasie aan te moedig, ryp te maak en te beweeg. Van 1960 tot in die middel van die 1980's, het die verligte groep nie die einde van apartheid nie, maar die verbetering en vermensliking daarvan nagestreef. Die verligtes het ten spyte daarvan dat hulle ongeduldig met die pas van verandering was, besef dat dit 'n proses was wat stap vir stap uitgebou moes word om sodoende die Afrikaners se politieke denke te verander. Invloedryke Afrikaners, soos Beyers Naudé en Nic Olivier, wat nie geduld met die proses beoefen het nie en wat die nasionalistiese *establishment* verlaat het, het hulle invloed op die Afrikaners verloor. Verligtes het op politieke en ekonomiese gebied druk op die regering uitgeoefen om sy beleid te verander en aan te pas. Hulle het ook deurentyd diskriminasie op politieke, ekonomiese en sosiale gebied uitgewys en gekritiseer, en die opheffing van sodanige kwetswette wat diskriminasie in stand gehou het, bepleit. Willie Esterhuyse het sy erns en bekommernis oor apartheid in sy boek *Afskeid van Apartheid* verwoord, in 'n poging om Afrikaners hieroor te laat besin.⁶⁹

Hoewel die verligte stryd sedert die sestigerjare van die twintigste eeu hoofsaaklik deur die politici en ook joernaliste gevoer is, is die verligte intellektueles deur politici gebruik om agter die skerms samesprekings met die ANC te voer. Die politici het hulle ook gebruik as meningsvormers om die Afrikaners se denke te beïnvloed deur die propagering van verligte politiek. Die verligte intelligentsia was onder andere Willie Esterhuyse, Sampie Terreblanche (beide akademici aan die Universiteit van Stellenbosch), Willem de Klerk (akademikus aan die Universiteit van Potchefstroom en later die redakteur van *Die Transvaler* en *Rapport*) en Gerrit Viljoen (voor hy die politiek betree het, was hy rektor van die Randse Afrikaanse Universiteit). Die Afrikaner Broederbond het sedert 1974 deel van die verligte beweging gevorm. Dit het veral later as dryfkrag gedien om die Afrikaners tot aanvaarding van die De Klerk-regering se politieke hervormings te oortuig.⁷⁰

Die verligtes het hulle vroeg in die tagtigerjare vir onderhandelinge met al die etniese groepe van Suid-Afrika beywer om 'n demokratiese politieke bedeling te beding. Ten spyte van die NP-regering se weiering tydens die Botha-era om met die ANC te onderhandel voordat laasgenoemde nie gewapende geweld afsweer nie, het verligte politici, besigheidslui en intellektueles reeds in 1985 die voortou geneem en agter die skerms

69. De Klerk, *F.W. de Klerk*, p 128; Louw, *Boetman en die swanesang*, p 302; W.P. Esterhuyse, *Afskeid van apartheid* (Tafelberg, Kaapstad, 1979), p 3.

70. Louw, *Boetman en die swanesangs*, p 13.

gesprekke met die ANC gevoer. Met die Dakar-byeenkoms wat in Julie 1987 plaasgevind het, het'n groep van 65 met die ANC samesprekings gevoer. Die samesprekings het wyd opslae gemaak en mediadekking geniet. Dit is nasionaal deur Botha veroordeel en internasionaal aangemoedig. Frederik van Zyl Slabbert, wat die samesprekings saam met Alex Borraïne gereël het, het in sy boek *Afrikaner Afrikaan* verklaar dat die Dakar-byeenkoms "n beduidende rol gespeel om die politiek van bedinging van stapel te stuur en onderhandelinge met die ANC binnelands te legitimeer". Dit was dan ook twee maande na die Dakar-byeenkoms in Oktober 1987 dat Niel Barnard en Mike Louw van die Nasionale Intelligensie Diens (NID) vir Willie Esterhuyse genader het om in geheime gesprekvoering met die ANC in London te tree. Chris Louw erken dat Willem de Klerk en Willie Esterhuyse se geheime gesprekvoering met die ANC instrumenteel was om die politieke omwenteling van 1994 teweeg te bring. Volgens Esterhuyse het dié gesprekke gehelp om die klimaat vir onderhandelinge te skep en gesprekvoering tussen die regering en Nelson Mandela moontlik te maak. Dié gesprekke het op hulle beurt die weg vir die onderhandelinge voorberei.⁷¹

Geregverdigde kritiek en beskuldigings wat teen die verligtes ingebring kan word en ook self deur Willem de Klerk erken is, is dat hulle nie hulle saak altyd duidelik, dinamies en aggressief genoeg gestel het nie. Omdat die verligtes binne die NP wou bly en nie wou waag om uit die *Afrikaner establishment* uitgesluit te word nie, was hulle nie 'n georganiseerde en gestrukturele drukgroep nie. Daar is nie in die geheim gekoukus nie en geen georkestreerde strategie het bestaan nie. Leiersfigure het nie in die verligte politiek navore getree nie. Elkeen het op sy eie manier en op sy eie gebied druk na binne op die NP uitgeoefen. Louw se beskuldigings teen Esterhuyse en Willem de Klerk dat hulle nuwe insigte wat hulle bekom het weens geheime gesprekke met die ANC geheim gehou het, is wel gegrond. Dit was onder meer dat 'n meerderheidsregering onafwendbaar was en dat dit nie noodwendig rampspoedig hoef te wees nie.⁷²

Patty Waldmeir, joernalis van die Londense *Financial Times*, is van mening dat 'n beter grondwet met minder tekortkominge en gevolglike 'n beter toekoms vir die Afrikaners beding kon word as die NP minder tyd en aandag bestee het om verskillende vorme van magsdeling te verseker en meer daarop gefokus was om van die begin af vir demokrasie en gelyke regte te veg. Die verligtes se fout om Afrikaners nie op die omvattende

71. Harvey, *The fall of apartheid*, pp 226-227; *Die Burger*, 19 September 2006, p 13.

72. De Klerk, *F.W. de Klerk*, p 131.

opofferinge en veranderinge wat 'n onderhandelde skikking tot gevolg kon hê, voor te berei nie, het die groot meerderheid Afrikaners onvoorbereid vir 'n nuwe demokratiese Suid-Afrika in 1994 gelaat. Die argument dat dit nie in daardie stadium moontlik was nie, omdat Afrikaners dan nie die onderhandelinge in die verkiesing sou steun nie, is nie heeltemal geldig nie. Meeste Afrikaners het besef dat daar nie omdraaikans is nie en dat die ou bedeling nie meer kon geld nie. Daar moet ook in ag geneem word dat die verligtes eers in 1992 'n paradigmaskuif weg van magsdeling gemaak het. Die diskrepansie tussen die verligtes en De Klerk se politieke denke oor magsdeling kan as 'n moontlike verduideliking vir die verligtes se stilswye geld. Sampie Terreblanche het in 1992 gewaarsku dat magsdeling sonder oorheersing as “'n onrealistiese pypdroom”⁷³ beskryf kan word. Hy het 'n beroep op De Klerk gedoen dat hy die implikasies van demokratisering vierkantig in die oë moes kyk, sy kieserskorps oor die onvermydelike opoffering daarvan moes inlig, en moes ophou om van een model na 'n ander te spring.

Die ANC was van die begin af onwrikbaar oor 'n demokratiese bestel waarin die meerderheid die grootste sê moes hê. De Klerk het verkies om aan beperkte demokrasie vas te klou. Die gepaaiery met magsdeling het slegs die Afrikaners se ontnugtering vergroot. Hulle het gestoei met die nalatenskap van apartheid en die spoed van verandering. Afrikaners was hoegenaamd nie voorbereid op die omvang, die intensiteit en finaliteit van die onderhandelde magsoorgawe nie. Dáárom het die Afrikaners na 1994 toenemende geestesgesondheidsprobleme beleef. Duisende ontnugterde Afrikaners het veral weens geweld en regstellende optrede, die land verlaat. Blankes in die staatsdiens het van 44 persent in 1994 tot 18 persent in 1999 gedaal. Afrikanerwerkloosheid het met 'n snelle tempo toegeneem. Afrikaners het ook 'n identiteitskrisis beleef, soos onder meer uit die Boetman-debat blyk, en hulle moes weer hulle bestaansreg in Suid-Afrika vind.⁷⁴

73. *Vrye Weekblad*, 28 Februarie tot 5 Maart 1992.

74. Waldmeir, *Anatomy of a miracle*, p 228; Louw, *Boetman en die swanesang*, pp 303-304; Sparks, *Beyond the miracle*, p 137; Giliomee, *Die Afrikaners*, p 620; B.M. du Toit, “Boers, Afrikaners, and diasporasi”. Paper delivered at the History Commission of the South African Academy for Science and Art, 30 January 2002, pp 28-29; *Vrye Weekblad*, 28 Februarie tot 5 Maart 1992; Waldmeir, *Anatomy of a miracle*, pp 149-150, 193, 203, 215.

Opsomming

Die totstandkoming van 'n demokratiese Suid-Afrika in 1994 was die gevolg van die ontmanteling van apartheid waarin die verligtes (sedert hulle ontstaan in 1966) in die Nasionale Party (NP) 'n betekenisvolle rol gespeel het. Die verligte invloed in die NP het bygedra tot die hervorming van apartheid, wat tydens die Vorster en P.W. Botha-eras geïmplementeer is. Toenemende spanning in die land gedurende die 1980's het tot groeiende ontevredenheid in die NP gelei, wat aanleiding tot die ontstaan van 'n linkse groep, bekend as die "nuwe Nattes" gegee het. As pragmatist, kon F.W. de Klerk nie die toenemende vereistes vir indringende hervormings van die verligtes en "nuwe Nattes" ignoreer nie. Hy het daarin geslaag om die twee faksies, wat voortaan as die verligtes bekend sou staan, binne die NP saam te snoer. Die 1990's het die era vir onderhandelinge vir 'n nuwe demokratiese politieke bedeling vir Suid-Afrika ingelui. Die groep verligtes het in daardie vroeë stadium van die onderhandelinge nie die beginsel van 'n meerderheidsregering nie, maar eerder magsdeling ondersteun. De Klerk en die verligtes se doelstellings aangaande die verlangde uitkoms van die onderhandelinge het mettertyd begin verskil. De Klerk wou minderheids- of groepsregte behou, met ander woorde magsdeling, terwyl die verligtes begin glo het dat die ANC se groot ondersteuning 'n meerderheidsregering tot gevolg sou hê en dat individuele regte eerder as groepsregte ondersteun moes word. Die verligtes is tot dié paradigmatuif in politieke denke gedwing weens druk op politieke, ekonomiese en demografiese realiteite. De Klerk moes weens druk ook uiteindelik tot dié politieke denke toegee. Alhoewel hierdie uiteenlopende doelstellings tot gevolg gehad het dat 'n demokratiese oorgangsgrondwet met vele tekortkominge tot stand gekom het, het dit ook aanleiding tot 'n vreedsame verkiesing gegee.

Abstract

The Role of the *Verligtes* in the Constitutional Negotiations, 1990-1994

The establishment of a democratic South Africa in 1994 was the result of the dismantling of apartheid, in which the *verligtes* (since their origin in 1966) in the National Party (NP) had a significant role to play. The *verligte* influence in the NP caused many reforms of apartheid policy to be implemented during the Vorster and P.W. Botha eras. Growing tensions in the country during the 1980s led to increasing dissatisfactions in the NP and resulted in the rise of a left wing, known as the "new Nats". As pragmatist, F.W. de Klerk could not ignore the increasing demands for comprehensive reforms by the *verligtes* and the "new Nats". He succeeded in unifying these

two factions within the National Party, and they became known as the *verligtes*. In the earlier stage of negotiations, this group did not support majority rule, but rather power-sharing. The 1990s heralded the era of negotiations for a new democratic political dispensation in South Africa. During the course of the negotiations, De Klerk and the *verligtes* began to differ in their objectives in terms of the intended outcome of the negotiations. De Klerk wanted to ensure a power-sharing agreement, which made provision for the protection of minority rights, while the *verligtes* started to believe that the ANC's numerical superiority would necessarily lead to a government dominated by the majority and that individual rights, rather than group rights, should be emphasised. They were, however, forced to this paradigm shift due to pressure resulting from political, economic and demographic realities. De Klerk was pressured to accept this political viewpoint at last. However, while these divergent goals resulted in a transitional democratic constitution, characterised by many shortcomings, it also piloted a peaceful election.

Sleutelwoorde

Afrikaners; apartheid; demokratiese politieke bedeling; magsdeling; meerderheidsregering; “nuwe Nattes”; onderhandelinge; oorgangsgrondwet; politieke hervormings; verligte-verkrampstryd.

Key words

Afrikaners; apartheid; democratic political dispensation; majority rule; negotiations; “new Nats”; political reforms; power-sharing; transitional constitution; *verligte-verkrampstryd*.